



## NUUS

### Uit die skoolhoof se kantoor

11 Julie 2019

Baie welkom terug aan elkeen van u vir die derde kwartaal van 2019.

Ons hoop dat ons weer soos elke kwartaal op elke lid van die Rockie-span se samewerking sal kan staatmaak. Dis 'n vol en woelige kwartaal wat voorlê maar ons sien uit na baie hoogtepunte. Baie sterkte aan elke ouer, leerder en personeellid van ons skool.

### Sportdag vs Strand

11 Julie 2019

Komende naweek het ons 'n tuis sportdag teen Strand. Die program vir die dag is op Bronne / "Resources" op hierdie Communicator.

### Skoolfoto's

11 Julie 2019

Ons vestig u aandag daarop dat u kind die individuele- en klasfoto-bestelling ontvang het. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 12 Julie 2019. Lees asseblief al die instruksies op die koevert. Die bestelling en die korrekte bedrag geld moet by mev P van der Westhuyzen by ons finanskantoor inbetaal word. Geen tjeks of kaartbetalings kan aanvaar word nie. Dankie vir u samewerking.

### Finansies - wie se inbetaling?

11 Julie 2019

Die volgende inbetaling is in die skool se rekening gedoen en is vir ons onbekend:

- op 03/07/2019: Verwysing - Langeberg Mall - R1 630

Die volgende betaling is in Huis van Imhoff se rekening gedoen en is ook onbekend:

- op 03/04/2019: Verwysing - Mynardville - R2 800

Indien u enige van hierdie betalings herken, sal ons dit waardeer indien u die skool se finanskantoor sal skakel.

### Koor: Sing in Harmonie

11 Julie 2019

Die Sing in Harmonie geleentheid vind op Sondag 18 Augustus in die Hugo Lamprecht sentrum in Parow plaas. Koorlede wat hul hoeveelheid kaartjies bespreek of aangedui het, is verantwoordelik vir die inbetaling van daardie kaartjies teen R200 per persoon. Die skool was verplig om die gelde in te betaal vir die versekering van die sitplekke. Lede kan die kaartjies by ons skool se finanskantoor betaal.

### Dramaklas fondsinsameling

11 Julie 2019

Die dramaklas van ons skool gaan in Augustus op 'n toer na Montagu om hul talent te gaan deel. 'n Groep van hulle het besluit om 'n fondsinsameling by MyChefs in Malmesbury te hou. Al die wins van die aand sal vir hierdie toer aangewend word. Die kaartjies kos R300 per persoon en moet by die skool se finanskantoor bespreek word. Dis 'n opwindende aand met heerlike kos, vermaak en 'n gemaklike atmosfeer. Ons wil graag vra dat u ons dramaleerders hierin ondersteun. Skakel gerus ons finanskantoor vir verdere inligting en navrae.

### Skoolfonds (1)

11 Julie 2019

Ons wil u aandag daarop vestig dat onbetaalde rekeninge van 60 dae en langer aan ons prokureurs vir invordering oorhandig sal word. Daar is heelwat ouers wie se rekeninge in hierdie kategorie val. Die volgende oorhandigingsdatum is Maandag 15 Julie 2019. Indien u lanklaas skoolfonds betaal het, maak asseblief seker u betaal voor 13 Julie sodat u hierdie prosedure kan voorkom. Kom asseblief u verpligting jeens u kind se opvoeding na. Baie dankie aan diegene wat wel getrou hul skoolfonds betaal.

### Skoolfonds (2)

11 Julie 2019

Skoolfondsstate:

Ouers moet asseblief let op die datum onderaan die state. Die datum van rekonsiliasie is daarop. Geen direkte betalings ná hierdie datum sal op die staat verskyn nie. Indien u 'n elektroniese betaling vanuit 'n ander bank as Nedbank op die laaste dag van die maand doen, verskyn dit eers op die daaropvolgende maand se staat. U moet dit asseblief in ag neem. Dankie vir u begrip.

### Netbal prestasies

11 Julie 2019

Ansuné Smit en Kristin van der Ross het albei die Wes-Kaap by die Nasionale All ages toernooi in hul onderskeie ouderdomsgroepe verteenwoordig. Kristin se span het slegs teen Gauteng verloor en 'n silwer medalje verower.

Ansuné se span het 4 gewen, 5 verloor, 1 gelykop gespeel en het 10de uit die 19 spanne geëindig. Hulle het ook die spangees video kompetisie gewen.

Ansuné is verder tot lid van die SA O/21-span verkies wat 11-14 Julie regoor Suid-Afrika gaan toer en kompeteer. Baie geluk met hierdie besondere prestasies en baie sterkte, Ansuné, dis werklik 'n uitsonderlike prestasie!

### Netbal uitslae

11 Julie 2019

Interdistrikstoernooi 4 - 6 Julie:

- Zéte Adams het as lid van die O/14-weskusspan deelgeneem en hierdie span het 5de geëindig.
  - Mané en Danél Visser het as lede van die O/15-weskusspan deelgeneem en hierdie span het 6de geëindig.
  - Kiné Davids het as lid van die O/16-weskusspan deelgeneem en hierdie span het 6de geëindig.
  - Inge von Wielligh, Micheala van der Westhuizen en Marnic Ligthart het as lede van die O/17-weskusspan deelgeneem en dié span het 5de geëindig.
  - Liezel van der Merwe en Mikayla Ritter met me Sanet Joubert as afrigter het as lede van die O/18-span 'n brons medalje gewen.
- Baie geluk aan ons netbalspelers!

### **Selma presteer in Biathle**

11 Julie 2019

Selma du Preez het op 15 Junie aan die SA Biathle kampioenskappe (hardloop en swem) in Durban deelgeneem en 'n 3de plek verwerf vir dogters O/17.

Sy is ook in die SA-span opgeneem wat gedurende Oktober aan die Biathle Wêreldkampioenskappe in Amerika gaan deelneem. Baie geluk, Selma, en baie sterkte met die besondere uitdaging!

### **Eisteddfod prestasies**

11 Julie 2019

Lucia van der Spuy, graad 8, is uitgenooi na die Gala-aand van die Paarl Vallei Eisteddfod wat op 10 September sal plaasvind. Sy word vereër as die beste leerder in beide Afrikaans en Engels onvoorbereide lees in haar ouderdomsgroep. Baie geluk met jou prestasie, Lucia!

### **Hokkie prestasies**

11 Julie 2019

Leandri Agenbag is in die Boland O/18C hokkiespan ingesluit wat aan die streekskampioenskappe deelgeneem het. Hassaanah Skippers is in die Boland O/16A hokkiespan ingesluit wat aan die Interstreekskampioenskappe deelgeneem het. Baie geluk aan hierdie dogters!

### **Rugby uitslae van toernooi**

11 Julie 2019

Die uitslae van die toernooi gedurende die vakansie is as volg:

O/14A: HSS 51 Weston 7; HSS 7 Brackenfell 22

O/15A: HSS 0 Bellville 60; HSS 14 HTS Bellville 0

O/16A: HSS 24 HTS Bellville 5; HSS 7 Nico Malan 22

O/19A: HSS 15 Stronghurst 45; HSS 29 Laborie 15

### **Kickboxing prestasies**

10 Julie 2019

Francois Botes en Patrick Muldoon het as deel van die 'Scorpions All Styles Martial Arts Kickboxing Academy' groep op 27 April aan die 'World Association of Kickboxing Organization' se SA-byeenkoms te Oudtshoorn deelgeneem. Hulle het onderskeidelik goue, silwer en brons medaljes in die onderskeie ouderdomsgroepe en kategorieë behaal. Baie geluk met jul pragtige prestasie!

### **Tersiêre instansies inligting**

10 Julie 2019

Universiteit van Stellenbosch se sluitingsdatum vir aansoeke vir 2020: 30 Junie 2019

Prestige Academy opedag: 27 Julie van 09:00 - 15:00

Prestige Academy Winterwerkswinkel: 2 - 5 Julie 2019

Funza Lushaka-beurs vir onderwys - aansoeke sluitingsdatum: 31 Julie 2019

### **Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019**

10 Julie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:

Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.

Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.

Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

### **Skool, koshuise, bus, rekening nommers**

10 Julie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)

Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438

Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)

Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311

Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)

Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463

Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)

Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058

By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

### **School Communicator Mobile App**

10 Julie 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.  
<http://school-communicator.com/download.php>

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbriëf op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbriëf elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

## KALENDER vir 11 Julie 2019 - 18 Julie 2019

13th Julie 2019

### **Sportdag vs Strand (tuis)** **HSS**

Gr 8E-klas aan hekdiens

16th Julie 2019

### **Rugby vs New Orleans (tuis)** **HSS**

16th Julie 2019

### **WOW-spelkompetisie**

Te Schoonspruit

17th Julie 2019

### **Rapporte aan ouers**

17th Julie 2019

### **BL Subkom. Dissiplinêr vergader** 18:00

18th Julie 2019

### **BL Subkom. Bem., beeld, sport, kultuur vergader**

18:00

18th Julie 2019

### **Netheid-inspeksie**

## HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

### **Sportdag vs Strand (tuis) 13 Julie**

[http://downloads.d6communicator.com/downloads/resources/245\\_resource\\_5d2452d835b90345185027.doc](http://downloads.d6communicator.com/downloads/resources/245_resource_5d2452d835b90345185027.doc)

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Klik hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland